

20

Toe Janine en Jessie teen halfses tuiskom, lyk die huis onheilspellend stil. Die gordyne is togetrek en die honde nêrens te sien nie. Riekie hardloop vooruit en roep, maar nie een maak sy verskyning nie.

“In die huis by Jenny,” troos Janine. “Kom, ons gaan gee vir sussie haar swieties.”

“Siena het seker als toegemaak toe die son begin sak,” sê Jessie.

Hulle stap agterom, gaan by die kombuis in waar Siena se strykgoed oor die staanders hang. Die kombuis is silwerskoon. Nie ’n teken van Siena nie.

“Kyk seker TV.” Janine sit haar winkelsakke op die kombuistafel neer. Uncle Abie het vis en tjips ingepak. Al wat hulle nog vir aandete moet doen, is ’n slaaitjie aanmekaarslaan.

Jessie staan sommer in die gangdeur en skree. “Siena!” Sy hou haar kop skeef en luister. “Geen antwoord nie. Sit seker maar en slaap, goeie ou siel.”

“Dalk by Jenny in die kamer.” Janine haal die lekkers uit en gee dit vir Riekie. “Vir ná ete, nè? Sê vir sussie.”

Riekie knik vernaam. Sy hardloop vooruit.

Janine tel haar handsak op, stap niksvermoedend agterna, sien Jessie aan die bopunt van die gang, hande in die sye, duidelik die vieste in. Riekie staan teen Jenny se bed. Dis so deurmekaar, die komberse hang op die vloer.

“Weg,” sê Riekie.

Janine gee een tree nader. Lig die komberse. Nie ’n teken van die kind nie. Dalk onder die laken? Sy skrik toe Pink Panther uitval en gil beangs. “Jenny-by! Jenny! Kom uit! Waar kruip jy weg?”

Riekie is so oulik, sy kyk onder die bed. Janine soek agter die deur, in die kas, weer onder die bed, stamp in haar haas vir Riekie onderstebo. Sy gaan aan die huil. Janine gryp haar en druk haar teen haar vas. Dis hoe Jessie hulle kry.

“Janine!” roep sy geskok.

“Hy het haar, hy het haar.”

“Wie?”

“Greg! Hy’t gesê hy kom haar haal.”

Jessie gaan sit op haar knieë. “Gee Riekie vir my.”

Maar Janine klou vas. “Nee.”

Riekie se gesnik verander in ’n gehyg.

“Jy ontstel haar. Toe, jy maak haar benoud.” Jessie klink merkwaardig kalm en skielik is sy kwaad. “Janine, as jy haar nie nou vir my gee nie, klap ek jou.”

Sy laat gaan, voel hoe haar arms leeg word, sien deur haar trane die voetjies lig.

Jessie sing, sy sus Riekie tot sy bedaar, laat sak haar stadig in die bababed, paai en troos. “Hier’s jou teddie, vat jou teddie, my skat. Doedoe, baba. Doedoe, Teddie. Tannie Jessie kom nou-nou weer, dan eet ons vissies en tjippies.”

Sy kom staan voor Janine, kyk af. “Miskien het Siena haar saamgeneem langsaan toe.”

“Is sy nie in die badkamer nie?”

“Nêrens, ek het die hele huis deurgelopen.” Jessie maak kussings bymekaar, prop dit agter Janine se rug in. “Die skok is nie goed vir jou nie. Bly jy net so, ek gaan bel.”

Janine sit soos iemand wat self in ’n kussing verander het. Sy leef, want daar knaag iets aan haar ingewande, dit pyn verskriklik.

In die gang sukkel Jessie met die foon. Sy praat lelik, sy vloek vreeslik. Toe loer sy om die deurkosyn. “Janine, werk jou selfoon?”

“Selfoon? Nee.”

“Ek hardloop gou langsaan toe, moenie roer nie.”

Janine val op haar sy. Die baba in haar rol saam met haar, om en om.



Hoe lank sy so gelê het, kan sy nie onthou nie. Die volgende oomblik is die kamer vol mense. Emma en mevrou Olwage. Hulle help haar op die bed, trek haar klere uit, praat saggies met mekaar.

“Is die baba oukei?”

“Lyk so.”

Sagte hande spons haar lyf af.

“Nie te koud nie?”

“Gee aan die handdoek, haar nagrok.”

Hulle trek haar aan soos jy ’n pop aantrek. “Dokter is nou-nou hier. Hoe voel jy?”

Sy draai haar kop, tussen hulle deur sien sy Riekie se bedjie is leeg. “Waar is sy?”

“In die bad, Jessie bad haar sodat sy kan slaap.”

“Jenny?”

“Hulle soek haar. Kan ons vir jou tee bring? Iets om te eet? ’n Toebroodjie?”

“Is dit Greg wat haar gevat het, vir Jenny?”

“Ja, Siena het hom gesien.”

“Is Siena terug?”

“Jessie het haar langsaan by Jasper opgespoor. Wat verkies jy? Koffie of tee?”

Tee, die natuur se wondermiddel, ’n towerdrankie wat alles regruk. Sy hou van tee. “Tee, asseblief.”

“Ek sal.” Emma draf kombuis toe.

Mevrou Olwage bly langs haar sit. Sy vryf oor haar skouers en rug, die baba skop teen die matras. “Die polisie weet, hulle soek hom tot in die Kaap. Jy moet kalm bly ter wille van jou baba. Ons bid vir jou, die hele dorp bid.”

“Die hele dorp bid nie, hulle skinder.”

“Ag, my kind, mense is mense.”

Ou Ding-Dong-Dang slaan hoeveel slae. Sy kan nie tel nie. Hy klink oud en moeg.



Janine lê lank voordat sy weer notisie neem van wat om haar aangaan. Dis oggend, kan sy sien aan die lig teen die muur waar die balletprent hang: vaal verbleik, haar balletprent. Iemand, dis aunty Anny, sit langs haar bed en brei.

“Aunty Anny?”

Sy laat sak haar breiwerk. “Lekker geslaap?”

“Ek het ’n nagmerrie gehad. Jenny is weg. Is dit Greg?”

“Ja, dis hy.”

“Hy sal haar Londen toe vat.”

“Nee, hy’s nie landuit nie. Die polisie is op sy spoor. Nou enige dag, dan kry hulle hom.”

“Hoekom is ek so moeg?”

“Dis van skok. Dokter Joubert het jou ’n ligte kalmemiddel ingespuut. Ons was bekommerd oor die baba, dat jy te vroeg begin kraam.”

“Wat brei Aunty?”

Sy hou dit op, wit en kanterig. “’n Bababaadjie. Die winter gaan koud wees.”

“Dis baie mooi. Ek probeer, maar ek kon nog nooit brei nie.”

“Dit gee my die plesier.”

“Dankie, Aunty. Dis amper tyd, miskien oor drie weke.”

“As Greg Walker maar weet hoe bevoorreg hy is met twee pragtige dogters en nog een op pad.”

“Jenny is siek. Hoekom vat hy ’n siek kind?”

“Ek glo nie hy dink wat hy doen nie. Maar jy moet jou nie bekommer nie. Hulle sal hom kry. Bennie soek ook, hy’s hier weg op sy motorfiets.”

“En die winkel, wie help agter die toonbank?”

“Patience.”

“Moet sy nie die tafels doen nie?”

“Dis winter, mense sit nie graag wintertyd op die stoep nie. Patience is byderhand, indien nodig.”

“Ons kan haar bevorder. ’n Nuwe een oplei vir die tafels. Hier is oulike kinders met matriek wat werk soek, meisies en seuns.”

Aunty Anny glimlag. “Jy dink al nes Bennie oor die besigheid. Wil jy bietjie opstaan, badkamer toe gaan of so?”

“O ja, ek voel baie beter.”

Aunty Anny maak tee, haal vars skons uit die oond. Hulle sit by die kombuistafel en eet.

“Die wonderdrankie,” sê Janine toe sy haar tee omroer. “Waar is Riekie?”

“By Tienke, dis haar beurt.”

“So, alles gaan aan soos voorheen?”

“Ons moet positief bly.”

“Waar is Kolle en Snoepie?”

“Buite. Greg het hulle die straat ingejaag, toe loop hulle die dorp vol. Maar hulle is nou terug, oom Jasper se honde ook.”

“Siena was hier, hoekom het sy hom nie gekeer nie?”

“Sy kon niks teen hom doen nie.”

“Ek ook nie.”

Aunty Anny kry trane in haar oë. “Jy moet maar dat James Mordant jou help om te skei.”

Janine knik, sy stem saam, dis die laaste strooi.



Daardie aand toe Riekie veilig in haar bedjie is en Riaan Cruywagen die nuus klaar gelees het, skakel Jessie die TV af en praat. Greg het kom aanklop, toe maak Siena oop en

herken hom. Reguit soos sy is, spreek sy hom aan oor die messegoed wat hy gegaps het. Toe skree hy op haar en storm in op soek na Oupa, nugter weet waarom. Bennie reken hy het per ongeluk op Jenny afgekom. Siena is dadelik foon toe om te bel, maar sy kon nie deurkom nie.

“Bennie het vasgestel dat die koord uitgepluk is. Greg moes dit in die verbygaan gedoen het. Wys jou hoe werk sy kop. Siena draf toe na oom Jasper, ontsteld en met daai ongemaklike lyf van haar. Weet nie hoe haar hart dit gehou het nie.”

“Arme Siena.”

“Janine, hy was klaar daar, vir oom Jasper vasgebind en gesteel wat hy kon. Hy’t Jennie in sy kar geprop en Siena gaan inwag. Toe gryp hy haar en bind haar ook vas. Natuurlik kon hulle nie alarm maak nie en dit gee hom toe die kans om weg te kom.”

“Alles net om my te wys hy kan doen wat hy wil. Wonder watse stories vertel hy vir Jenny.”

“Ons weet ten minste hy sal haar nie seermaak nie.”

“Maar sy is siek, Jessie. En waar is hulle? Is daar enige leidraad?”

“Die speurders wat aangewys is, weet wat hulle doen.”

“Help niks as hulle nie my kind kan kry nie.”

“Janine, Lilian het vandag vir hulle ’n lys van sy vriende gegee. Dis ’n kwessie van tyd, dan het hulle hom.”

“Jy en Lilian praat met mekaar en jy sê my nou eers!”

“Ek wou jou nie vals hoop gee nie, maar jy is sterker as wat ek gedink het. Lilian reken dit frustrer Greg dat hy jou nie meer kan beheer nie. As kind het hy tantrums gegooi, dan kry hy sy sin. Jy het op jou regte begin staan.”